

**Donderdag 26 Mei**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 6**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 6:4-8**

**Lewe 'n bruikbare oes**

Hierdie verse kan in sommige kontekste groot vrees veroorsaak. Wat as dit ek is wat hieraan skuldig is, wat as ek nooit weer kan terugkom nie? Of my kinders, my eggenoot, my dierbare vriend wat dalk die geloofspad byster geraak het? Is daar nou geen pad terug nie?

Dit is belangrik dat ons verstaan wat die enigste sonde is wat nooit vergewe word nie. Die Woord beskryf dit as sonde teen die Heilige Gees. Die sonde waarvoor mens die ewige hel en verdoemenis as erfdeel en beloning ontvang. Die eerste en belangrikste werk van die Heilige Gees is om die geloof en wonder van Jesus Christus se Verlossing vir ons in ons lewe 'n kosbare realiteit te maak. Om ons te wys wie en waar ons Verlosser is. Om dan hierdie werk weg te klap, te ignoreer en uit te blus, is sonde teen die Heilige Gees. Eenvoudig gestel: jy glo nie in Jesus Christus nie. Dit is waarom ons hier gewaarsku word: as jy Jesus ontken, en aanhou ontken, sal daar nie vir jou redding wees nie.

Daarmee saam dan ook die opdrag in die gedeelte: hou aan groei. As jy hierdie wonderdade in jou lewe ervaar, die verligting deur die Heilige Gees, die goeie smaak van die Woord op jou tong, gebruik dit dan. Bring in jou lewe 'n bruikbare oes na vore, en hou aan om dit te doen, om elke dag nuut en vervul deur die Heilige Gees vir elkeen en almal te wys dat jy jou volle wese bind aan die Verlossing deur ons Here Jesus Christus.

Nooit nutteloos en naby vervloeking nie, maar bruikbaar deel van die dankbaarheidsoes van dié wat deel is van God se genadige uitverkiesing.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Ds. SJL Linde (Lohan) (Wonderboom-Suid)*